GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2016

10022

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

TWEEDE VRAESTEL

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

35 bladsye

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
1002
10022

X10

b.o.

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal)
Tweede Vraestel

TYD: 2 uur

PUNTE: 70

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman	(35)
AFDELING B: Drama	(35)
AFDELING C: Kortverhale	(35)
AFDELING D: Gedigte	(35)

4. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat jy behandel het.

5. Lees die inhoudsopgawe op Bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat jy in die klas behandel het op die kontrolelys, aan.

6. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat jy behandel het.

7. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

10. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling / vraag.

11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. Kringe in ’n bos	35	5
2. Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	35	9
3. Meeulanders	35	13

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

4. Poppie – die drama	35	17
5. Paljas	35	21

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

6. "Op soek na Kid Khumalo"	18	26
EN		
"Die pakkie"	17	28

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

7. "Die hanswors"	18	31
EN		
"Brief"	17	33

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

AFDELING	VRAAGNOMMERS	GETAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A: Roman	1 – 3		
B: Drama	4 – 5		
C: Kortverhale	6		
D: Gedigte	7		

LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

"Dis Saul, hy is verjaar vandag," het sy pa op die ou Bosmanier teen die voordag onder die skerm aangekondig.

"Geluk, Saul," het oom Anneries krakerig omgedraai.

"Is ek nou veertien, Pa?" wou hy net seker maak.

"Ja. En geluk van my ook. As 'n man eers veertien is, begin jy vleis aan jou bene kry en bas aan jou vel en kan jy uitkyk na die dag wat jy jou eie byl kan swaai – jy moet kom begin uitkap aan die kwaallatte later vandag. Ons is amper reg vir uitsleep."

Dit was 'n vreemde gevoel. Die veertien-gevoel. So asof jy in twee bome gelyk staan.

As een van hulle verjaar het, het sy ma altyd vir 'n vleiskossie gesorg. Hy het die keer onthou toe sy pa verjaar het en die wildekat die oggend die laaste hoender gevang het. Sy ma het die hele dag met 'n wip gesukkel, maar toe sy pa-hulle teen skemer uit die Bos kom, was daar 'n fisant vir die pot.

Maar al sou sy ma nog geleef het, sou sy nie op die dag van sy verjaardag vir vleiskos kon sorg nie; hulle het te ver van die huis af gekap. Hulle sou ook nie kon huis toe gaan nie, want die houtkoper op die dorp was haastig vir die hout. Sy pa het gesê die man sê die hele land wag vir waens; die mense trek van oral af agter diamante aan in die land op en die wamakers wag vir hout! Omtrent al wat hout is vir alles kom uit hierdie bos.

1.1 By wie het Saul geleer lees en skryf? (1)

1.2 Saul het by sy pa geleer hoe om houtmeubels te maak.

Verduidelik hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.3 Saul het vandat hy veertien was gesien dat die natuurlewe in die Bos in gevaar is.

Noem TWEE dinge wat Saul raakgesien het. (2)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4) neer.

Op Saul se verjaardag het hy die eerste keer (bloubokkievleis geëet / vir Oupoot gesien). (1)

1.5 "Die veertien gevoel. So asof jy in twee bome gelyk staan." (Reël 9 – 10)

Verduidelik wat die verteller met hierdie stelling bedoel het. Gee TWEE feite. (2)

1.6 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.6.1 – 1.6.4) neer, byvoorbeeld 1.6.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Anneries	A	Saul se pa
1.6.2	Jozef	B	Die hoofkarakter van die verhaal
1.6.3	Joram	C	Saul se broer
1.6.4	Saul	D	Een van die houtkappers
		E	’n Ou kleurling

(4x1) (4)

1.7 "Maar al sou sy ma nog geleef het, sou sy nie op die dag van sy verjaardag vir vleiskos kon sorg nie ... " (Reël 15 – 16)

Waaraan is Saul se ma dood? (1)

1.8 Hoe het Jozef sy gevoelens oor hulle ma se dood vir Saul weggesteek toe hulle die nuus oor haar dood moes gaan oordra? (1)

1.9 Saul het besluit om vir sy eie verjaardagvleis ’n plan te maak.

1.9.1 Wat het Saul gevang om te eet? (1)

1.9.2 Wat was die gevolge van hierdie plan wat Saul gemaak het? Noem TWEE gevolge. (2)

1.10 In hierdie roman is ’n derdepersoonsverteller aan die woord.

Wat is die funksie van ’n derdepersoonsverteller? (1)

1.11 Sou jy tevrede wees om op jou verjaardag ver van jou ouerhuis af te wees? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

Maska, ek is tot sterwens toe gedaan, ek weet nie wat om te sê nie. Laat my net 'n rukkie alleen met miss Kate." Maar die oue bly vasgekeer staan in sy nood en steek sy hande met 'n gebaar van desperaatheid na Saul uit. "Moenie dit vir my nog swaarder maak nie, Maska! Asseblief nie."

"Saul", sê Kate stilweg agter hom, "ek het Thompson se hoekerf gekoop."

Hy hoor haar dit sê, hy hoor die woorde, maar dit tuimel sinloos deur sy moeë brein en vind geen vasslaanplek nie, totdat hy omdraai en die vasberade trek op haar gesig sien.

"Wat het jy gesê?"

"Ek wou jou vertel het van my plan, maar toe sê jy vir Beth jy wil my nie sien nie. Toe koop ek nog steeds die erf en wou jou so van die skip af kry, toe hoor ek jy het Oupoot kom skiet en ek verstaan dit nie. Hans Oukas kom sê my toe wat gebeur het en ... "

"Thompson se hoekerf?" Sy moegheid versper nog steeds die volle implikasie van haar woorde.

"Vir sestig pond. Dis 'n groot erf, Saul," sê sy en hy sien die onsekerheid in haar kom. "Thompson het geld dringend nodig, hy't swaar verloor by die goud. Ek moet hom Maandag die geld gee en ek het dit nie," bieg sy tot by die waarheid en haar vrees.

1.12 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.12) neer.

Volgens Maska wou Oupoot Saul tot in (Streepbos / Meulbos) kry sodat Saul kon sien wat van alles geword het. (1)

1.13 Verduidelik watter rol Maska in Saul se lewe gespeel het. Gee DRIE feite. (3)

1.14 "Moenie dit vir my nog swaarder maak nie, Maska! Asseblief nie." (Reël 3 – 4)

1.14.1 Wat het Saul met die woord "dit" bedoel? (1)

1.14.2 Wat het Saul diep in die Bos gesien waar Oupoot geskiet is? (1)

1.15 "Saul," sê Kate stilweg agter hom, "ek het Thompson se hoekerf gekoop." (Reël 5)

1.15.1 Wat het Kate se woorde vir Saul beteken? (1)

1.15.2 Hoekom kan jy saamstem dat Kate 'n belangrike rol in Saul se lewe gespeel het? (1)

1.15.3 Watter positiewe gevolg het dit vir Saul ingehou dat Kate Thompson se hoekerf wou koop? (1)

1.16 "Wat het jy gesê?" (Reël 9)

Waarom was Saul verbaas oor Kate se opmerking? Gee TWEE redes. (2)

1.17 Waarom was Saul só moeg dat hy Kate se woorde nie mooi verstaan het nie? (1)

1.18 "Dis ’n groot erf, Saul," (Reël 16)

Wat, dink jy, het Kate met hierdie woorde geïmpliseer? (1)

1.19 Waarom is dit realisties om te glo dat Kate en Saul saam ’n toekoms van hier af sou bou? (1)

1.20 Dink jy Saul sou Oupoot werklik geskiet het? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.21) neer, byvoorbeeld 1.21 E.

Jozef het nooit geweet dat Saul by MacDonald gewerk het om ... nie.

A hulle blyplek te betaal
B hulle skuld af te betaal
C koffie en suiker te koop
D gereedskap vir houtkap te koop (1)

1.22 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.22) neer, byvoorbeeld 1.22 E.

Die tydsverloop in die verhaal is ...

A toekomende tyd.
B achronologies.
C chronologies.
D verlede tyd. (1)

[35]

OF

VRAAG 2: ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Nee, dink ek terwyl ons ’n halfuur later deur die fynbos ploeter, dis nie moontlik nie. Yann het sy Walkman se oorfone oor sy kop gedruk om hom van alles en almal af te sluit. Hy hoor nie die gekwetter van voëls nie en hy sien nie die dou op die struike langs die voetpaadjie nie. Hy stap soos ’n soldaat wat nie ’n keuse het nie. Dis hoe hy die volgende drie weke gaan oorleef. Deur bevele te gehoorsaam en hom met musiek te verdoof. Die lááste ding wat hy gaan opmerk, is ’n oulike jonger sussie.

Tibo en Amos draf ’n ent voor ons uit saam met die twee honde. Hulle is ewe oud, maar Tibo is omtrent ’n kop kleiner as Amos, en baie skraler. Die honde se sterte wapper soos vlae. Hulle is gewoond aan ’n tuintjie vol onkruid in ’n voorstedelike doodloopstraat. Hierdie wye oopte moet vir hulle soos die hemel voel.

Vir my voel dit ook of ek onverwags in die hemel beland het. ’n Ent onder my hang ’n digte misbank oor die vallei. Asof ek in ’n vliegtuig sit. Hoër as die wolke. Sowaar.

"Dis ’n toneel wat geverf moet word!" sê Mana uitgelate.

"Ag nee," kreun Beyers.

"My vingers jeuk, Bey." Sy gaan staan stil om asem te skep. Draai stadig in die rondte, oopmond van verwondering. "Jy weet wat dit beteken."

2.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.1) neer.

Die gesin het vakansie op (Botterberg / Bitterberg) gehou. (1)

2.2 "Hy stap soos ’n soldaat wat nie ’n keuse het nie." (Reël 4 – 5)

Hierdie reël suggereer Yann se houding teenoor die vakansie.

Wat was Yann se houding? (1)

2.3 Lees Reël 2 – 6.

Met watter EEN WOORD kan ons Yann se karakter hier beskryf? (1)

2.4 Daar was een dag tydens die vakansie wat Yann vir 24 uur sonder sy oorfone geloop het. Wat was die rede daarvoor? (1)

2.5 Noem TWEE geleenthede waaruit ons kon aflei dat Yann wel vir Hanna omgegee het. (2)

2.6 Hoekom is dit ’n verrassing dat Hanna skielik die mooi natuur om haar raakgesien het? (Reël 13 – 15) (1)

2.7 "Dis ’n toneel wat geverf moet word!" sê Mana uitgelate.
"Ag nee," kreun Beyers. (Reël 16 – 17)

Hoe kon Beyers Mana verhoed om tydens die vakansie te verf? (1)

2.8 Mana het gesê dat die gesin tydens dié vakansie alles saam moes doen.

Stem jy saam dat ’n mens tydens ’n vakansie alles saam met jou gesin moet doen? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

2.9 Hoe het Mana haar Muse tydens die vakansie gelukkig gehou? (1)

2.10 Hoekom het Hanna gedink haar ma was kleurblind? (1)

2.11 Hanna sou nie omgee as haar ma voor Sharon rondloop sonder om haar hare te kam of haar gesig te was nie.

Verduidelik hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.12) neer, byvoorbeeld 2.12 E.

Hanna se ma het ’n vreemde haarstyl gehad omdat sy soms ... in haar hare gedra het.

A rekkies
B knippies
C verfkwaste
D kammetjies (1)

2.13 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.13) neer.

Hanna se ma het soms na (sop / paraffien) geruik. (1)

2.14 Gee TWEE redes hoekom Mana nog nooit voorheen op ’n wittebrood was nie. (2)

2.15 Hoekom het Hanna haar gesin met bywoners vergelyk toe Sharon op die berg aangekom het? Gee TWEE redes. (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

Mana het ons probeer opbeur deur pasta pleks van sop te kook, maar niemand lyk juis opgebeur nie. Selfs Gavin lyk of sy mond teen dié tyd moeg geglimlag is. Dis net Margot wat steeds vasklou aan die simpel kaarte se belofte dat sy môre gaan wegkom. Sharon gluur onderlangs na Yann, wat haar heeltemal ignoreer vandat hy vanmiddag so verontwaardig uit die kamer gestorm het. Verleë oor hy hom so kinderagtig gedra het, maar hopeloos te trots om dit te erken.

Mana is bleek van moegheid ná sy soos ’n besetene gewerk het om die huis skoon te kry. Sy het die vloer met koerantpapier bedek om te keer dat ons dit weer vol modder trap. Beyers het ’n paar keer gemompel hy wens sy wil eerder weer begin verf. Nou staar sy nikssiende voor haar uit, haar bord pasta amper onaangeraak, en frons kort-kort asof ’n onaangename gedagte haar pla. Skielik vertrek haar gesig en sy sak vooroor met haar hande om haar maag gevou.

"Ek dink dis my kraampyne wat begin," steun sy.

"Dis dié dat jy so nes geskrop het!" gil Margot. "Ek onthou die dag voor Amos se geboorte het ek al die kaste in die huis reggepak!"

Die res van ons is te geskok om ’n woord uit te kry.

2.16 Verduidelik hoekom Gavin, Margot en Sharon saam met die gesin op die berg vakansie gehou het. (3)

2.17 Gee EEN rede hoekom Mana hierdie groepie mense aan tafel probeer opbeur het? (Reël 1) (1)

2.18 Gavin is ook nie meer lus om te glimlag nie.

Wat kan jy aflei oor Gavin se gevoel oor hulle situasie op die berg? (1)

2.19 Dis net Margot wat steeds vasklou aan die simpel kaarte se belofte dat sy môre gaan wegkom." (Reël 3 – 4)

Hoe is Margot se kaarte reg bewys? (1)

2.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.20) neer, byvoorbeeld 2.20 E.

Yann se kinderagtige optrede (Reël 5 – 7) was omdat die kaarte ... voorspel het.

A die weggaan van sy ma
B die geboorte van ’n baba
C liefde tussen hom en Hanna
D konflik tussen hom en Sharon (1)

2.21 Lees Reël 4 – 7.

Dink jy Yann was reg om Sharon te ignoreer na sy kinderagtige optrede? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.22 Yann was te trots om te erken dat hy daardie middag kinderagtig was.

Op watter ander manier kon Yann die situasie hanteer het? (1)

2.23 Beyers het 'n paar keer gemompel hy wens Mana wil eerder weer begin verf. (Reël 10 – 11)

Verduidelik die ironie van Beyers se woorde. (2)

2.24 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (2.24.1 – 2.24.4) neer, byvoorbeeld 2.24.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
2.24.1	"Wie wil nou 'n 14-jarige skrywer se storie lees?"	A	Sharon
2.24.2	"Tensy jy ook 'n heks is, ou Hanna heks."	B	Yann
2.24.3	"Vir my sal jy altyd my liefste ou Hanna Hoekom bly."	C	Margot
2.24.4	"Opskud met daardie roman, hoor. Onthou, ek word nie jonger nie."	D	Tibo
		E	Mana

(4x1) (4)

2.25 "Dis dié dat jy so nes geskrop het!" gil Margot. (Reël 15)

Waarom kan ons sê dat Margot se woorde stereotipies is? (1)

2.26 In hierdie twee uittreksels kon ons konflik tussen die gesinslede waarneem.

Hoe het die verhouding tussen die gesinslede aan die einde van die roman verbeter? (1)

[35]

OF

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Fred vererg hom vir die swaaiende voete wat teen die lessenaar kap. "Daar is ’n stoel, dêmmit, man."

"Okay, okay, sorry," sê Skalla en sy oë gaan oor die deftige kantoor met die swaar swarthoutmeubels en ’n Claerhout teen die muur. Hy trek die stoel oorkant die lessenaar uit maar gaan nie sit nie.

"So wat is jou probleem?" meet Fred hom. Hy het nog nooit van Skalla se slap lyf en skrefies-oë gehou nie. Die olierige blonde hare is agtertoe gekam. Hy kon eintlik ’n aantreklike man gewees het, as hy net die moeite wil doen om beter vir homself te sorg. Die T-hemp is sweerlik ’n maand laas gewas.

"Nee," sê Skalla, "ek het nie ’n probleem nie. Jy het."

Hy kyk vol bravade na Fred, ’n ou taktiek van hom om eers met sy prooi te speel tot hy halfdood lê. "Ek weet hoekom Sheila selfmoord gepleeg het."

Fred sit ’n lang ruk doodstil. Dan staan hy op en gaan na die kas teen die muur. Hy haal twee glase en ’n bottel whisky uit. Hy voel hoe die lewe uit sy gesig sypel. Hy voel hoedat Skalla hom met sy skrefies-oë sit en deurkyk terwyl hy die klein yskas oopmaak en ys uithaal. Eers toe hy Skalla se glas vir hom aangee en weer gaan sit, besef hy dat daar ’n straal sweet teen sy rug afloop.

"Ek was die middag van die verkiesing daar bo by die huis," sê Skalla.

3.1 Wie was Skalla? (1)

3.2 Waarom het Fred nie van Skalla gehou nie? Gee TWEE redes. (2)

3.3 "Ek weet hoekom Sheila selfmoord gepleeg het." (Reël 12)

3.3.1 Wie was Sheila? (1)

3.3.2 Hoe het Sheila selfmoord gepleeg? (1)

3.4 Wat het daartoe aanleiding gegee dat Sheila selfmoord gepleeg het? Gee TWEE feite. (2)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.5) neer.

Sheila was in die studeerkamer waar sy (alleen was / met iemand gesels het) terwyl Skalla die middag van die verkiesing by die huis was. (1)

3.6 Skalla het Sheila se dood gebruik om twee dinge van Fred te eis.

Noem die TWEE dinge wat Skalla geëis het. (2)

3.7. Het jy simpatie met Fred? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

3.8 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (3.8.1 – 3.8.4) neer, byvoorbeeld 3.8.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
3.8.1	Elsabet	A	’n Goeie besigheidsman
3.8.2	Matthys	B	Reggie se vrou
3.8.3	Ryna	C	Skelm en slinks
3.8.4	Fred	D	Het die eiland en die voëls gehaat
		E	Die voëlvrou

(4x1) (4)

3.9 "Ek was die middag van die verkiesing daar bo by die huis," sê Skalla." (Reël 19)

3.9.1 Watter verkiesing is gehou? (1)

3.9.2 Stemdag was vir Fred traumaties.

Is dit ’n feit of ’n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

3.9.3 Dink jy Sheila het genoeg rede gehad om selfmoord te pleeg? Motiveer jou antwoord. (1)

3.10 Watter karaktereienskap van Skalla het na vore gekom toe hy vir Fred wou afpers? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

In die werkskamer is Attie besig om sy rooi Kersvaderpak aan te trek. Die Meeuland Express, vol geskenkies gelaai, staan gereed.

Daar het 'n stilte oor hom gekom sedert Twilight se heengaan: die band tussen Jacob en Ryna het vir hom in fokus gekom. Hy het haar ontferming oor Jacob gesien en met 'n vreemde gelatenheid besef dat hy besig is om twee mense wat vir mekaar bedoel is, van mekaar af weg te hou. Hulle sou nooit bymekaar kon uitkom terwyl hy in die omtrek is nie.

Jacob verdien haar. Wat 'n Meeulander het sy nie geword nie!

Sy ma het jare gelede, toe hy Meeuland toe gekom het, voorspel dat hy gaan seerkry. En al die tyd het hy die oomblik van afskeid uitgestel. Hy het bly glo dat Ryna tog eendag, eendag, vir hom sou leer liefkry. Sy het nie; sy sal nooit. Daar was wel tye dat sy naby hom gekom het en wat die hoop in hom opgevlam het. En tog het sy die afstand behou en was die geslotenheid van haar verlede 'n muur waardeur hy nooit kon dring nie.

Nou, hier in die skemer werkskamer, is sy vir hom mooier as ooit. Sy lag saggies naby sy gesig toe sy die rooi kep met die tossel op sy kop sit.

3.11 Wat was die Meeuland Express? (1)

3.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.12) neer, byvoorbeeld 3.12 E.

"Daar het 'n stilte oor hom gekom sedert Twilight se heengaan" (Reël 3) verwys na ...

A Elsabet wat die eiland verlaat het.
B Ryna wat die eiland verlaat het.
C Elsabet se dood.
D Ryna se dood. (1)

3.13 "Daar was wel tye dat sy naby hom gekom het en wat die hoop in hom opgevlam het." (Reël 12 – 13)

3.13.1 Na wie verwys die "sy" in die aanhaling? (1)

3.13.2 Watter verwagtinge het die goeie tye by Attie geskep? (1)

3.13.3 Dink jy die "sy" het reg opgetree deur vir Attie hoop te gee? Motiveer jou antwoord. (1)

3.14 Watter karaktereienskap kon jy van Attie uit die teks aflei? (1)

3.15 Waarom dink jy word die woord "eendag" in Reël 11 herhaal? (1)

3.16 "Hy het haar ontferming oor Jacob gesien en met ŉ vreemde gelatenheid besef dat hy besig is om twee mense wat vir mekaar bedoel is, van mekaar af weg te hou." (Reël 4 – 6)

Hoe sou jy die situasie hanteer het indien jy Attie was? (1)

3.17 Daardie aand het noodlottige gevolge vir Janka en Jacob ingehou.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

3.18 "Wat ŉ Meeulander het sy nie geword nie!" (Reël 8)

Verduidelik wat Attie met hierdie woorde bedoel het. (1)

3.19 Attie verwys na Ryna se verlede as ŉ geslote muur.

Hoekom was dit verkeerd van Ryna om so geslote teenoor Attie op te tree? Gee TWEE redes. (2)

3.20 Verduidelik die positiewe rol wat Meeuland in Janka, Jannerik en Attie se lewens gespeel het. (3)

3.21 Hoekom sal dit vir Attie beter wees om in Namibië te gaan werk? (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

EERSTE TONEEL

Ligte aan in ouditorium en op verhoog. 'n Speler stap tydsaam op. Hy speel "Nkosi sikelel' iAfrika" op penniefluit. Terwyl hy opstap, doof ligte in ouditorium. Sodra hy gaan sit, begin ander spelers dieselfde deuntjie neurie. Hulle kom opgestap; dra trommels, blikke. (Vrouens dra blikke op hulle koppe.) Sodra Poppie haar blik neersit, is die ligte op verhoog vol aan – helder, vrolike lig.

POPPIE *(aan gehoor).* Ons is Gordonia-boorlinge. My mama het ons vertel van onse grootouma Kappie, 'n ryk ou vrou wat met haar bokke geboer het in die rantjies anderkant Carnarvon. Haar van was Plaatjies en sy het die hoë stamneus gehad wat onse oompie Pengi van haar geërwe het.

MOSIE. Grootouma Kappie het net een meisiekind gehad, onse ouma Hannie. Hannie het getrou met George Williams, 'n skaapskeerder wat op die veeplase gebly het. Hy is gebore op Beaufort-Wes en sy grootvan was Mgwevu en hy het afgesterwe met die Groot Griep van 1918.

POPPIE. Die isibetho.

MOSIE. Ehwe. Die plaag wat die Here na ons gestuur het.

HOEDJIE. Die mense was mos net drie dae siek, dan sterwe hulle af.

POPPIE. Nou toe onse ouma Hannie se man afgesterwe het, toe het hulle van die Koegas ...

PLANK. Daarso – net buitekant Prieska.

POPPIE *(knik).* Nou toe trek hulle na Vaalkoppies, want ouma Hannie het te swaar gekry met die kinders en hulle bly toe by die lande by Louisvale se plek.

4.1 Wie is die hoofkarakter in hierdie drama? (1)

4.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.2) neer.

Ouma Hannie het altyd die gewoonte gehad om haar kleinkinders (byname / doopname) te gee. (1)

4.3 Lees weer Reël 2 – 7.

Wat is die funksie van die woorde in skuinsdruk? (1)

4.4 Waarom is dit doeltreffend dat die dramaturg inligting oor Poppie se geskiedenis vertel het? (1)

4.5 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.5) neer, byvoorbeeld 4.5 E.

Ma Lena se man het by ... op die see kom werk.

A Lüderitzbucht
B Vaalkoppies
C Upington
D Prieska (1)

4.6 Verduidelik hoekom Poppie en haar broers die naaste aan hulle ouma se hart was. (1)

4.7 Hoekom dink jy Poppie het ’n gelukkige kindertyd by Ouma Hannie gehad? (1)

4.8 Watter taal wou ouma Hannie hê, moes Poppie en haar broers praat? (1)

4.9 "POPPIE *(knik).* Nou toe trek hulle na Vaalkoppies, want ouma Hannie het te swaar gekry met die kinders en hulle bly toe by die lande by Louisvale se plek." (Reël 22 – 23)

4.9.1 Waarheen het Ouma Hannie van Vaalkoppies af weggetrek? (1)

4.9.2 Gee TWEE redes waarom Ouma Hannie van Vaalkoppies af moes wegtrek. (2)

4.10 Poppie se Xhosa-naam was Ntombizodumo.

Hoekom, dink jy, het Ouma Hannie haar Poppie genoem? (1)

4.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.11) neer, byvoorbeeld 4.11 E.

Ouma Hannie het vir Poppie ...

A geleer om Afrikaans te praat.
B ou bekende kinderliedjies geleer.
C aangemoedig om hard op skool te werk.
D al die dinge van die Xhosa-geloof geleer. (1)

4.12 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (4.12.1 – 4.12.4) neer, byvoorbeeld 4.12.5 E.

KOLOM A		KOLOM B	
4.12.1	'n Netjiese persoon, met 'n mooi lyfie en het so smart aangetrek	A	Poppie
4.12.2	Het Bonsile se pa tata-ka-Bonsile genoem	B	Mrs Swanepoel
4.12.3	Het Poppie se papiere reggemaak	C	Stone
4.12.4	Se ma is gearresteer sodat hulle die persoon in die hande kan kry	D	Mrs Retief
		E	Jakkie

(4x1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

POPPIE *(skreeu).* Jou duiwelskind! Jou satanskind! Los jou bhuti!
JAKKIE *(lag terwyl hy nog vashou).* Poppie, ons help my bhuti. Van die drank is hy nog sy lewe lank aan die slaap.
KIND 1. Ons wil hom wakker maak.
MOSIE *(aan Poppie, wat toekyk en huil)*. Moenie lat dit jou maak huil nie, Poppie. Moenie dit vir Jakkie kwalik neem nie. Miskien los bhuti Plank nog die wyn.
POPPIE. Hoe sal ek nie huil nie? Eers het die wit poeliesse hom oor die paste by die hoenderhok geslaan, nou's dit weer sy eie broertjie.
MAMA. God het die ouers se gebede verhoor. Dis die Here wat deur die kinders praat. Die Here sê: Die drank het julle uitgeroei, julle moet dit laat staan.
POPPIE *(nadenkend)*. My kinders is nie hier nie. As hulle hier was, was hulle seker ook teen die wet en teen die drank. Maar deur my swaarkry, is hulle nou uit die ding. *(Praat met Mosie en Mama.)* Ek is nou eerlik. As ek die krag gehad het, sou ek ook iets gedoen het, maar nou het ek nie die krag nie, nou is ek tevrede met die wêreld soos dit nou is. Wat verby is, is verby. Ek is moeg, Mama. Daar moet nou rus kom.
JAKKIE. Ek is nog nie moeg nie. Dis hoekom daar nog nie rus moet kom nie. Julle is moeg; ons nie. Dis vir jou wat ek baklei, Sisi.

4.13 "POPPIE *(skreeu).* Jou duiwelskind! Jou satanskind! Los jou bhuti!" (Reël 1)

Waarom het Poppie vir Jakkie ’n duiwelskind genoem? (1)

4.14 Die kinders in Nyanga was baie ongelukkig oor hulle ouers se drankmisbruik.

Wat was volgens die kinders die gevolge van hulle drankmisbruik? Noem TWEE gevolge. (2)

4.15 Hoe kan jy aflei dat die kinders hulle ouers se drankmisbuik nie net aanvaar het nie? Gee TWEE bewyse. (2)

4.16 "POPPIE *(nadenkend).* My kinders is nie hier nie." (Reël 13)

4.16.1 In watter dorp het Poppie se dogters gebly? (1)

4.16.2 Hoekom kan ’n mens met Poppie simpatiseer as jy aan haar kinders dink? (1)

4.17 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.17) neer.

Die polisie het Jakkie gevang omdat hy die leier van die (Comrades / migrants) was. (1)

4.18 Noem TWEE dinge wat Jakkie-hulle gedoen het waarmee Poppie nie saamgestem het nie. (2)

4.19 Poppie was nog altyd ’n goeie ma vir haar kinders.

Gee DRIE redes waarom jy met hierdie stelling kan saamstem. (3)

4.20 Verduidelik hoekom dit ironies is dat Poppie gedink het dis beter vir haar kinders om in die Ciskei te bly. (2)

4.21 Dit is nie die eerste keer wat Plank deur die kinders verneder is nie.

Gee ’n rede waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.22 Hoe sou jy voel as jou vriende jou ouers slaan omdat hulle onverantwoordelik is? (1)

4.23 Hoekom is die taalgebruik in die drama aanvaarbaar? (1)

[35]

OF

VRAAG 5: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Willem *(beduie):* Hnnn-hnnnn-hhn-hhn-hnnnnnn! *(Almal. Gery.)*
NAR: Hulle's weg? *(Willem knik ja.)* Ek weet. *(Willem beduie reguit na die nar toe. Wat van jou?)* Ek? Nee, ek bly hier. *(Willem beduie iets onverstaanbaars.)* Ek is klaar met die sirkus. *(Willem staan hom 'n rukkie ondersoekend en bekyk. Dan glimlag Willem. En die glimlag word 'n laggie.)* Kom, ek leer jou. Eers net een bal. Gooi hom. En dan vang jy hom. Toe, probeer. Eers net een. Probeer. *(Willem vat die balletjie. Gooi hom. Vang hom.)* Dis reg!

52. Willem en die nar: op verskillende dae, in verskillende monderings, op verskillende plekke. Soms in die skuur, soms in die veld, bo-op 'n windpomp, weer op die kafbale. Soms het die nar gewone klere aan, soms sy pak, soms met grimering en soms nie. Altyd net hy en Willem.
Die nar haal 'n eier uit sy mond uit, toor 'n muntstuk uit sy sakdoek weg, speel op 'n konsertina, maak of hy 'n hoender is, 'n pou, 'n eend. Hulle dans op die bale, hardloop in die veld; Willem bring kos skuur toe, hulle eet. Willem teken teen die mure. Hulle hardloop op die horison teen die groot volmaan terwyl die nar eentonig twee note, net die twee note, soos 'n inkantasie op sy konsertina speel.

5.1 "Willem *(beduie):* Hnnn-hnnnn-hhn-hhn-hnnnnnn!" (Reël 1)

Waarom het Willem hierdie geluide gemaak terwyl hy vir die nar verduidelik het die sirkus was weg? (1)

5.2 Hoekom kan 'n mens saamstem dat die manier waarop Willem die nar ontmoet het, vreemd was? (1)

5.3 Hoe het die sirkustrein op Hendrik McDonald se stasie beland? (1)

5.4 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs vraagnommer (5.4) neer.

Toe Willem besef het dat die sirkus vertrek het, het hy met sy fiets agter die (stoomtrein / kombi-en-woonwa) aangejaag. (1)

5.5 "Willem *(beduie):* Hnnn-hnnnn-hhn-hhn-hnnnnnn! *(Almal. Gery.)*
NAR: Hulle's weg? *(Willem knik ja.)* Ek weet. *(Willem beduie reguit na die nar toe. Wat van jou?)"* (Reël 2 – 3)

Wat is die funksie van die woorde tussen hakies? (1)

5.6 Die nar het Willem in die drama vermaak deur met balle te goël.

5.6.1 Hoekom het die nar Willem met toertjies vermaak? (1)

5.6.2 Op watter TWEE maniere het Willem hierdie toertjies deel van sy lewe gemaak? (2)

5.7 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.7) neer, byvoorbeeld 5.7 E.

Die nar is die ... in hierdie drama.

A derdepersoonsverteller
B ek-verteller
C protagonis
D antagonis (1)

5.8 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (5.8.1 – 5.8.4) neer, byvoorbeeld 5.8.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
5.8.1	Dring daarop aan om oor alles te praat	A	Jan Mol
5.8.2	Begin praat oor belangrike dinge in die lewe	B	Emma
5.8.3	Verkondig skinderstories	C	Hendrik
5.8.4	Kommunikeer deur te skryf	D	Nollie
		E	Willem

(4x1) (4)

5.9 Verduidelik waarom dit vir Willem lekkerder was om by die nar te wees as by sy ouers. Gee DRIE feite. (3)

5.10 Lees die montage in Reël 9 – 10.

Watter afleiding kan jy oor die tydsverloop maak? (1)

5.11 Willem het gedink dat die nar saam met die sirkus weggegaan het.

Hoe sou jy voel as ’n goeie vriend van jou skielik weggaan? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

110. Dis Emma wat speel. Nollie sit op die vensterbank sy bene en swaai terwyl hy haar dophou. Sy en haar musiek het sy volledige aandag en waardering. Sy speel nou sonder foute.

111. Hendrik lê op sy rug op sy bed. Ook hy luister na die klavier.
Die deur gaan oop en Katrien kom binne.

KATRIEN: Slaap jy?
HENDRIK: Hu-uh.
KATRIEN: Jy't nie dalk vir Boetie gewaar nie? Ek kry hom nêrens.
HENDRIK: Hy's seker die veld in.
KATRIEN: Daardie kind is nooit meer by die huis nie.
HENDRIK: Los hom, man. Hy's gelukkig. Kom lê liewer bietjie by my.

Sy kom sit op die kant van Hendrik se enkelbed.

KATRIEN (*sonder om vir hom te kyk*): En dan?
HENDRIK: Dan hou ek jou bietjie vas.
KATRIEN: Ek moet gaan brood knie.
HENDRIK: Dis Sondag, Katrina. Kom tot rus. Toe, net vyf minute.
Sy kyk 'n oomblik na hom, 'n bietjie geamuseerd. En hy wys met sy kop: kom.
Sy sak agteroor langs hom en tel haar voete op die bed.

HENDRIK: So ja.

Hulle lê en luister na musiek.

KATRIEN: Sy speel elke dag beter.
HENDRIK: Ja.

Hulle lê roerloos. Dan kyk hy vir haar.

HENDRIK: Jy gee seker nie om as ek jou skelmpies op jou wang soen nie, nè?

Sy skud haar kop.
Hy soen haar op haar wang.
En sy vat sy hand en hou dit vas.

5.12 Uit Reël 1 en 2 is dit duidelik dat Nollie en Emma se verhouding verbeter het.

5.12.1 Na watter sosiale geleentheid het Emma ingestem om Nollie te vergesel? (1)

5.12.2 Verduidelik hoe Nollie dit reggekry het om Emma na hierdie geleentheid in Vraag 5.12.1 te vat. Gee TWEE feite. (2)

5.13 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.13) neer.

Emma het weer begin klavier speel omdat (Willem haar gevra het om te speel / sy Nollie se aandag wou trek). (1)

5.14 "110. Dis Emma wat speel." (Reël 1)

5.14.1 Wie van die McDonald-gesin het ook klavier gespeel? (1)

5.14.2 Hoe kan ons aflei dat Hendrik van musiek gehou het? (1)

5.14.3 Waarvan was Emma se mooi klavierspel aan die einde van die drama ’n simbool? (1)

5.15 "KATRIEN: Daardie kind is nooit meer by die huis nie." (Reël 10)

5.15.1 By wie was Willem dat hy nooit meer by die huis was nie? (1)

5.15.2 Hoekom was dit verkeerd van Willem om nie vir sy ouers te sê waarheen hy gaan nie? (1)

5.16 Hoekom dink jy was Katrien se optrede daardie Sondagmiddag teenoor Hendrik anders as wat dit aan die begin van die drama was? (1)

5.17 "HENDRIK: Dis Sondag, Katrina. Kom tot rus. Toe, net vyf minute." (Reël 16)

5.17.1 Watter geluid het Hendrik en Katrien se rustige Sondagmiddag binne ’n oomblik verander? (1)

5.17.2 Verduidelik waarom die dorpsmense se optrede teenoor die McDonalds daardie Sondagmiddag nie deur vandag se samelewing aanvaar sal word nie? (1)

5.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.18) neer, byvoorbeeld 5.18 E.

Die krisis wat Willem gedwing het om weer te begin praat, was toe ...

A Willem kos vir die nar gevat het.
B Willem die nar nie kon opspoor nie.
C Hendrik en Katrien nie na Willem geluister het nie.
D Emma en Nollie na die perdeblomme gaan kyk het. (1)

5.19 Nollie het Willem bygestaan as Willem se ouers baklei het.

Gee ŉ rede waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

5.20 Die dorpsmense se optrede daardie Sondagmiddag was nie die enigste keer waar hulle onregverdig teenoor die McDonalds opgetree het nie.

Noem TWEE ander voorbeelde waar die dorpsmense die McDonalds onregverdig behandel het. (2)

5.21 Watter vooroordeel kom in die drama, Paljas, voor? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

VRAAG 6

"OP SOEK NA KID KHUMALO" – Dolf Van Niekerk

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Haar bril met die dik raam bly van haar gesig afgly. Die bril én die lense is lankal ondoeltreffend. Sy vee die sweet van haar gesig af. Haar been pyn van al die beweging en ronddra van die paar meubelstukke. Haar werkgewers van dertien jaar het haar blypek laat vergroot toe sy op 'n hartseerdag daarvan praat om by haar seun Kid in Soshanguve te gaan woon. Kid se broer Thomas is met 'n prokureur getroud, maar dié wil niemand anders in hulle huis hê nie. Kid het jare lank van die een werk na die ander geswerf, en baie nagte het hy nie 'n slaapplek gehad nie. Die familie het met klikkende tonge vertel hoe Kid dikwels op treine en in motorwrakke geslaap het. Toe kry hy werk by die Kalafong-hospitaal. Hy was nog op skool toe sy kind gebore is. Sy het die seun nog maar 'n paar keer gesien – hy bly by sy ma en ouma in Mamelodi, maar Kid moet natuurlik onderhoud betaal. Twee jaar gelede wou die ma hom laat arresteer omdat hy agter geraak het. Thomas se vrou wil nie kinders hê nie. Party dae verlang sy verskriklik na Kid en sy kind. Hy het 'n groot man geword. Ná 'n paar jaar by die hospitaal het hy 'n huislening gekry. Sy was nog te siek om te gaan kyk, maar haar niggie Katrien sê die huis is goed en mooi.

6.1 Watter soort werk het Johanna gedoen? (1)

6.2 "Die bril én die lense is lankal ondoeltreffend." (Reël 1 – 2)

Hoekom dink jy het Johanna nog nie vir haar 'n nuwe bril gekry nie? (1)

6.3 Waar het Johanna se familie gebly by wie sy miskien eendag kon gaan rus? (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.4) neer.

Johanna het (probleme met haar hart gehad / aan suikersiekte gely), daarom wou die wond aan haar been nie genees nie. (1)

6.5 Johanna se werkgewers, die Therons, was suinig met hulle geld.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.6) neer.

Johanna het verkies om eerder (sonder die televisiestel klaar te kom / geen telefoon te hê nie) as sy net nuus oor Kid kon kry. (1)

6.7 Waarom kon Johanna nie met die buitewêreld kontak maak nie? (1)

6.8 Johanna het baie probleme in haar lewe ervaar.

Noem DRIE probleme wat Johanna se lewe moeilik gemaak het. (3)

6.9 Pas elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (6.9.1 – 6.9.4) neer, byvoorbeeld 6.9.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
6.9.1	Woon baie afgesonderd	A	Thomas
6.9.2	Het nie ’n ID-boekie gehad as identifikasie nie	B	Katrien
6.9.3	Verduidelik aan die kostabel dat hulle ’n vermiste persoon soek	C	Johanna
6.9.4	Sê dat hulle by al die polisiestasies navraag sal doen	D	Frans
		E	Kid

(4x1) (4)

6.10 Watter tegniek gebruik die skrywer om spanning in die verhaal te bou? (1)

6.11 Verduidelik die ironie in die verhaal. (2)

6.12 Hoekom kan Kid as ’n goeie rolmodel gesien word as jy na die laaste deel van sy lewe kyk? (1)

EN

"DIE PAKKIE" – Leonard Koza

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die bestuurder van die motor en die vrou, Miena, sit ’n sterk front op maar is innerlik bevrees dat as die pakkie in vreemde hande kom, dit groot probleme kan veroorsaak. Eerstens moet die pakkie uit die huis kom sodat hulle vinnig daarmee kan verdwyn voordat enigeen in die omgewing hulle herken.

’n Nuuskierige skare van skoolkinders en grootmense bewonder reeds die luukse motor van nader. Iemand uit die skare skree: "Au! Pang Doodmaak, wat soek djy en Miena hie? Djy bly mos innie Kriefgat daa' innie Elsies. Wat soek djy hier?"

Pang Doodmaak kyk eers mooi rond, want hy as bendeleier is nie veronderstel om in ’n plek buite sy gebied "biesagheid" te maak sonder onderhandelings met die leier van die plaaslike bende nie. Dié sal hom onder sekere voorwaardes toelaat om sy "produk" te "bemark".

Toe daar geen antwoord is van Pang Doodmaak nie, sê die stem uit die skare: "Djy kan mossie hie' kô oo'vattie. Djulle sal vi' o's wit biene maak as o's soos djy nou Elsies moet kô oo'vat."

Pang Doodmaak besef dat die wêreld vir hom warm gemaak kan word en hy sal die stem moet antwoord. "Djy sien my bla, os' try om ’n ding straight te maak. Dié bla'tjie het ’n parcel van o's en nou is dit gloe innie hanne van mense wat o'ssie ken nie."

6.13 Wat dink jy was in die pakkie wat Pang wou hê? (1)

6.14 Waarmee is die pakkie toegedraai? (1)

6.15 Die grootmense en skoolkinders het die luukse motor bewonder.

Wat kan ’n mens uit die stelling aflei oor hierdie mense se sosiale agtergrond? (1)

6.16 Esther het met die pakkie by haar ma se huis aangekom.

6.16.1 Wie het die pakkie aanvanklik by Esther kom soek? (1)

6.16.2 Hoekom het Esther se ma aangeneem dat die persoon in Vraag 6.16.1 nie ’n skoolkind was nie? (1)

6.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.17) neer, byvoorbeeld 6.17 E.

Pang Doodmaak se naam impliseer dat ...

A hy nie sou huiwer om iemand dood te maak nie.
B dwelmverslaafdes hom nie sou beskerm nie.
C dwelmverslaafdes veilig by hom sou wees.
D hy bang vir die dood was. (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.18) neer, byvoorbeeld 6.18 E.

Esther se ma ... , daarom kon Pang nie hard met haar wees nie.

A was huisvriende met Pang se oupa
B het na Pang gekyk toe hy ’n klein seuntjie was
C was ’n blommeverkoper saam met Pang se ma
D het lank gelede besigheid met Pang se ouers gedoen (1)

6.19 Daar het later ’n tweede motor by Esther-hulle se huis aangekom.

6.19.1 Wie het uit hierdie motor geklim? (1)

6.19.2 Wat het hierdie karakter in Vraag 6.19.1 by Esther-hulle se huis kom maak? (1)

6.20 Esther se ma het die bendeleier en een bendelid ingenooi.

Wat sou jy anders as Esther se ma gedoen het om die konflik vreedsaam op te los? (1)

6.21 Esther het geweier om haar ma die pakkie te gee of te sê wat daarbinne was.

Hoekom was Esther se optrede teenoor haar ma nie reg nie? (1)

6.22 Hoe, dink jy, het Eshter se ma gevoel toe sy gehoor het dat haar dogter met dwelms deurmekaar was? (1)

6.23 Esther het van die pakkie ontslae geraak sonder dat haar ma gesien het.

6.23.1 Hoe het Esther van die pakkie ontslae geraak? (1)

6.23.2 Wie het met die pakkie by die voordeur aangekom? (1)

6.24 Watter waarskuwing het Pang aan Slang gegee nadat hulle die pakkie gekry het? (1)

6.25 Verduidelik watter les die jeug uit Esther se betrokkenheid by dwelms kan leer. (1)

6.26 Waarom is die taalgebruik in die kortverhaal aanvaarbaar? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

VRAAG 7

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die hanswors – S.J. Pretorius

Oor sy afsigtelike boggel
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in ’n hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
’n brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk en drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het ’n brief gekom eendag ...
Hy’t oor die bed gebuk, verblind,
terwyl ’n boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ..."

7.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.1) neer.

Die sirkusmense het (die hanswors geterg / met die hanswors gesimpatiseer) oor sy skewe rug. (1)

7.2 Waarom het die hanswors "die eensaamheid gesoek"? (1)

7.3 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.3) neer, byvoorbeeld 7.3 E.

Die hanswors het een maal per ... ’n brief by die poskantoor gepos of gaan haal.

A dag
B jaar
C maand
D week (1)

7.4 Waaroor het die sirkusmense geskinder? Gee DRIE feite. (3)

7.5 Kies elke keer die term uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (7.5.1 – 7.5.4) neer, byvoorbeeld, 7.5.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
7.5.1	"en kr**o**mheid, het hul h**o**m gek**o**ggel," (Reël 2)	A	Elisie
7.5.2	"Tussen die diere in ’n hoek het hy eensaamheid gesoek:" (Reël 5 – 6)	B	Alliterasie
7.5.3	"**k**lein **k**abouter" (Reël 18)	C	Assonansie
7.5.4	"Toe het ’n brief gekom eendag ... " (Reël 23)	D	Enjambement
		E	Ellips

(4x1) (4)

7.6 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.6) neer.

Die rymsoort wat in strofe 3 voorkom, is (paarrym / kruisrym). (1)

7.7 "Hy’t oor die bed gebuk, verblind," (Reël 24)

Wat het die hanswors verblind? (1)

7.8 "terwyl ’n boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ... " (Reël 25 – 26)

7.8.1 Op watter manier dink jy was die hanswors en die boggelvroutjie aan mekaar verbind? (1)

7.8.2 Watter fisiese ooreenkoms was daar tussen die hanswors en die boggelvroutjie? (1)

7.9 Hoe sluit die inhoud van die gedig by die titel van die gedig aan? (1)

7.10 Watter EEN woord dui die wending in die hanswors se storie aan? (1)

7.11 Op watter manier dink jy was die hanswors ’n bate vir die sirkus? (1)

7.12 Hoekom dink jy is hierdie ’n gepaste gedig vir Graad 12-leerders? (1)

EN

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Brief – F.R. Abrahams

Mammie, ek skryf ook vir Ma ’n kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
want dit hoort vir my
nes plastiekblomme en wit skoene
nie by Ma nie.

Ek het grootgeword, weet Ma –
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil ’n oorring dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
– ek wonder of Ma van my verse sal hou –

Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
en ek het nie
kon nie
'skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind
grootmenskind
anderster kind

7.13 Vir wie het die spreker die gedig geskryf? (1)

7.14 Watter gevolgtrekking kan ’n mens uit die titel van die gedig maak? (1)

7.15 "Mammie, ek skryf ook vir Ma ’n kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie" (Reël 1 – 2)

7.15.1 Wat is ’n "kaalvoet gedig"? (1)

7.15.2 Watter ander digter het ’n soortgelyke gedig geskryf? (1)

7.15.3 Watter EEN woord uit reël 1 dui op liefde en respek? (1)

7.16 Hoekom begin elke strofe met ’n hoofletter? (1)

7.17 "Ek het grootgeword, weet Ma – " (Reël 8)

7.17.1 Wat is die funksie van die aandagstreep in reël 8? (1)

7.17.2 Haal EEN reël aan om te bewys dat die skrywer grootgeword het. (1)

7.18 Hoekom word "Mammie", "Ma" en "Mamma" met hoofletters geskryf? (1)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.19) neer, byvoorbeeld 7.19 E.

Volgens die spreker pas plastiekblomme nie by sy ma nie omdat dit ...

A hoë klas is.
B swak smaak is.
C doodgewoon is.
D vinnig oud word. (1)

7.20 Watter aanduiding in die seun se voorkoms is daar dat hy rebels is? (1)

7.21 Die spreker bevraagteken sy geloof in God.

7.21.1 Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.21.2 Hoekom is dit aanvaarbaar vir jongmense om hulle geloof te bevraagteken? (1)

7.22 Die gedig is ’n voorbeeld van vrye vers.

7.22.1 Noem EEN eienskap van vrye vers in hierdie gedig. (1)

7.22.2 Op watter manier sluit die vrye vers by die spreker se karakter aan? (1)

7.23 Hoe het die spreker sy kreatiwiteit uitgeleef? (1)

7.24 Hoekom is die spreker ’n rolmodel vir ’n Graad 12-leerder? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35

TOTAAL: 70

EINDE